

144 Halleluja lof aan Jesus

William Chatterton Dix (1837–98)

R.H. Pritchard (1811–87)

1. Hal - le - lu - ja, lof aan Je - sus, Sep - ter kom Hom toe, en troon!

Hal - le - lu - ja! Hy's oor - win - naar, laat ons Hom as Ko - ning kroon.

Lui - ster na die lied van Si - on; klink dit soos 'n mag - tig vloed!

Want uit elk - e taal en na - sie het Hy ons ver - los met bloed.

8.7.8.7.D.

Easter Eucharist**

Halleluja, nie soos wese,
 het Hy ons in smart verlaat.
 Halleluja! Hy is by ons,
 ja, in elk gelowig hart.
 Want, hoewel ná veertig dae
 is sy tyd met ons verby;
 nooit vergeet ons sy beloftes:
 “Ek sal altyd by jul bly..”

Halleluja, Brood van eng'le,
hier op aard ons Staf en Steun.
Halleluja! U, ons Toevlug,
is die Rots waarop ons leun.
Hoëpriester, Vriend van sondaars,
o Verlosser, pleit vir my
waar die lied van die verlostes
oor die kristaalsee weerklink.

Halleluja! Hoëpriester,
grote Koning, op u troon!
Halleluja! Heer van here,
hier u voetstoel, bo u kroon.
Uit die Maagd vir ons gebore,
Woord van God, verberg in vlees,
word u beide Lam en Priester
in die Eucharistiefees!

William C. Dix (1837-98)

R. H. Pritchard (1811-87)